Noordelike Sinode

16-20 OKTOBER 2022

SAKELYS

Wysheid in 'n tyd soos hierdie

TWEE-EN-TWINTIGSTE SINODESITTING

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

1. Inleidende Opmerkings..... 2

2. Logo…… 3

3. Skema van Werksaamhede..... 4

4. Sinodale Diensraad..... 7

- **Verslag van die Dagbestuur……. 8**
- **Taakspan: Jeug..... 10**
- **Taakspan: Leierskapsontwikkeling..... 10**
- **Taakspan: Missionaliteit..... 10**
- **Taakspan: Begroting..... 10**
- **Taakspan: Beleggings..... 10**
- **Taakspan; Brugbediening..... 10**
- **Taakspan: Induksie..... 10**
- **Taakspan: Kerkordelike advies..... 10**
- **Taakspan: Leraarsontwikkeling..... 10**
- **Taakspan: Mentoraat..... 10**
- **Taakspan: Ringsontwikkeling..... 10**
- **Taakspan: Preekopleiding van ouderlinge..... 10**
- **Taakspan: Sinodale bydraes..... 10**
- **Taakspan: Ekonomie..... 10**
- **Taakspan: Gesprek oor Gender..... 10**
- **Taakspan: Imagine..... 10**
- **Taakspan: Kerkwees op weg met Covid-19..... 10**
- **Taakspan: Ondersoek na 'n Kerkeie Teologiese Fakulteit..... 10**
- **Taakspan: Rentmeesterskap..... 10**
- **Taakspan: Skrifinterpretasie en Skrifgesag..... 10**
- **Taakspan: Vroeë Kinderontwikkeling..... 10**
- **Taakspan: Werkskepping..... 10**
- **Taakspanne: Volledige lys..... 10**
- **Finansies: Grafiese voorstelling 2016/17-2021/22 ..... 11**
- **Finansies: Sente uit elke rand..... 11**
- **Finansies: Bedieningsondersteuning vs Administrasie..... 11**
- **Aksies tydens Covid-19..... 12**
- **Teologiese Vorming..... 12**
- **Dolering..... 13**
- **Taakspan: Bedieningsondersteuning 1..... 13**
- **Taakspan: Bedieningsondersteuning 2..... 13**
- **VBO..... 13**
- **Predikante: Bevestig / Georden..... 13**
- **Predikante: Afskeid geneem..... 13**
- **Predikante: Geëmeriteer..... 13**
- **Predikante: Oorlede..... 13**
- **CMR-Noord..... 14**
- **SKDB-Maatskappy..... 14**
- **Studentebediening..... 14**
- **Kerkordelike Sake..... 15**
- **Sinodehuis..... 15**

5. Beskrywingspunte 16

INLEIDENDE OPMERKINGS

Die Noordelike Sinode het na ses jaar uiteindelik weer die geleentheid om as familie by Weesgerus bymekaar te wees. Ek vertrou dat jy reeds baie uitsien na 16 – 20 Oktober wanneer ons vir die twee-en-twintigste keer vir 'n sinodesitting bymekaar sal wees.

Hierdie sakelys word elektronies aan jou gestuur. Dit is 'n volledige sakelys met die oog op die sinodesitting en sal by die sitting opgevolg word met 'n werksagenda. Let wel, die werksagenda gaan nie 'n volledige duplisering wees van die dokumente wat in die elektroniese weergawe vervat is nie, maar 'n radikale verkorting, asook bykomende sake van belang. Beide is dus belangrik!

Die werksagenda sal in gedrukte formaat aan jou gegee word by die registrasie op Sondag 16 Oktober. By die sitting sal die elektroniese agenda as gelese beskou word. Doen dus asb. baie moeite om goed voorbereid na die sitting te kom.

Die ideaal sou wees dat jy die elektroniese sakelys uitdruk en ook saam bring na die sitting. Indien nodig moet jy asb. vir jou kerkkantoor vra om dit vir jou uit te druk.

Die kremetartboom op die voorblad is 'n afdruk van 'n kunswerk van JH Pierneef wat uit 1924 dateer.

Die moontlike wysigings aan die kerkorde wat deur die Taakspan Kerkordelike Advies voorgestel word, moet asb. as 'n werksdokument gesien word. Voorstelle deur afgevaardigdes moet daarom sover moontlik reeds voor die sitting aan die Sinodehuis gestuur word.

Doen asb. ook gereeld voorbidding vir hierdie familiefees. Die verwagting is dat ons regtig in die paar dae van 16-20 Oktober met erns sal nadink oor die tema: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie". Mag ons nadenke ons so stimuleer, dat ons sal teruggaan huis toe met geloof en waagmoed om haalbare aksieplanne in ons gemeentes te implimenteer.

Kontak gerus die Sinodehuis indien daar enige navrae is hermien@noordsin.co.za / 072 222 6360.

Groete,

Paul Grobler
Direkteur

Die Noordelike Sinode se embleem is die samevoeging van drie simbole:

‘n Kruis – Ons identiteit

‘n Oop hand – Ons DNA

‘n Kremetartboom – ‘n Aanduiding van die geografiese gebied waarbinne ons werk.

SKEMA VAN WERKSAAMHEDE
(Voorlopig)

Sondag

14:00 Aankoms, registrasie, nesskrop
17:00 SESSIE 1: OPENING
Konstituering
Verwelkoming
Skriflesing
Virtuele uitbeelding
Groeteboodskappe
Nagmaalsdiens: Stream
In Memoriam
Prediking - Inleiding van tema
Nagmaal
Vingerete

Maandag

07:00 Koffie en beskuit
08:00 SESSIE 2: TEMA-VERKENNING.
Oggendwyding: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie"
Hoe help die Bybel ons om 'n tyd soos hierdie te verstaan?
SDR-verslag
10:40 Brunch
11:30 SESSIE 3: TEMA-VERKENNING
Hoofspreker: Prof. Thuli Madonsela
13:20 Koffie
14:40 SESSIE 4: TEOLOGIESE VORMING
Paneel 1 - Hoe help VBO ons met "Wysheid in 'n tyd soos hierdie"?
SDR-verslag
15:40 Verversings
16:00 SESSIE 5: TEMA-VERKENNING
Spreker: Hoe lyk die politieke landskap? – Dr. Roland Henwood
Dagsluiting: Refleksie op dag 1
18:00 Kuier
19:15 Aandete

Dinsdag

07:00 Koffie en beskuit
08:00 SESSIE 6: TEMA-VERKENNING.
Oggendwyding: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie"
08:50 SDR-Verslag
10:40 Brunch

11:30 SESSIE 7: TEMA-VERKENNING
Spreker: Hoe lyk die ekonomiese landskap? – Prof. Jannie Rossouw
13:10 Koffie
13:30 SESSIE 8: TEOLOGIESE VORMING ens.
Paneel 2 - Hoe help Kerkeie Opleiding om voornemende predikante voor te berei vir ‘n tyd soos hierdie?
14:30 Insigte uit die Algemene Sinode se Taakspan Navorsing
15:10 Kerkwees op weg met Covid-19
15:40 Verversings

16:00 SESSIE 9: COVID-19
Spreker: Lang Covid en die neurologiese / psigiese gevolge met spesifieke verwysing na predikante – Prof. Pierre Joubert
Dagsluiting: Refleksie op dag 2
18:00 Kuier
Kursus vir skribas
Wegbreeksessie: Kerkorde
19:15 Aandete

<u>Woensdag</u>

07:00 Koffie en beskuit
08:00 SESSIE 10: TEMA-VERKENNING, ens.
Oggendwyding: “Wysheid in ‘n tyd soos hierdie”
Die rol van kerkverband in ‘n tyd soos hierdie (o.a. visitasie)
SDR-Verslag
10:20 Predikantesake
11:10 Brunch
12:00 SESSIE 11: MISSIONALE ROEPING
Missionale diakonaat
12:30 Missionale kerkwees 1: Gemeenskapsontwikkeling - Spreker: Mnr. Barend la Grange
14:00 Koffie
14:20 SESSIE 12: MISSIONALE ROEPING, ens.
Missionale kerkwees 2: Armoedeverligting
Beskrywingspunte
15:40 Teologiese vorming: Paneel 3 - Hoe lyk die die akademiese deel?
16:30 Verversings
16:50 SESSIE 13: TEMA-VERKENNING
Paneel Jongmense: “Wysheid in ‘n tyd soos hierdie”
Dagsluiting: Refleksie op dag 3
18:15 Kuier
19:15 Aandete

Donderdag

07:00 Ontbyt

08:00 SESSIE 14: TEMA-VERKENNING, ens.

Oggendwyding: "Wysheid in 'n tyd soos hierdie"

08:30 Geloofsvorming

10:20 Koffie

10:40 SESSIE 15: AFSLUITING

Spreker: Leierskap in 'n tyd soos hierdie – Dr. Theuns Eloff

12:15 Samevatting van tema

12:45 Afsluiting: Nuwe moderator

13:00 Verdaag: Kospakkies

SINODALE DIENSRAAD (SDR)

Verslag aan die Sinode in sitting van 16-20 Oktober 2022

1. INLEIDEND

Die Sinodale Diensraad (SDR) is tydens die sinodesitting van Oktober 2016 verkies om as besluitnemende liggaam namens die Noordelike Sinode op te tree tot en met die sitting van 2020. Hierdie vierjaar termyn moes egter vanweë Covid drie keer uitgestel word en uiteindelik het die termyn ses jaar geword. Die SDR het sy werksaamhede binne die raamwerk van die Noordelike Sinode se goedgekeurde roepingsverklaring en ander strategiese besluite van die Sinode, uitgevoer.

2. ROEPINGSVERKLARING VAN DIE NOORDELIKE SINODE

Die Noordelike Sinode se roepingsverklaring is in punte 2 tot 4 van die handelinge van die sinodesitting van 2012 vervat. Dit was 'n herbevestiging van die besluite wat by die sitting van 2016 geneem is en word vervat in punt 4 (2.1.4) van die handelinge van 2016.

Visie

"Die Noordelike Sinode erken dat God ons, deur gemeentes, binne die gemeenskap waarbinne ons geplaas is, gebruik om HOOP te bring en 'n VERSKIL te maak. As Sinode wil ons 'n ondersteunende rol speel deur 'n verhoudings-gefokusde organisasie te wees, wat in afhanklikheid van God Drie-enig en in die kreatiewe krag van die Heilige Gees:
** Help om gemeentes te bou wat elkeen in eie konteks die Koninkryk van God soek, en*
** om die gemeenskap na buite te bereik deur gesamentlike werksaamhede wat nie deur ringe en gemeentes afsonderlik gedoen kan word nie."*

Kernwaardes

Die Noordelike Sinode wil hom, ten opsigte van die verstaan van sy identiteit, in al sy aktiwiteite laat lei deur die volgende kernwaardes:
** Besluitneming gegrond op sy verstaan van die Bybel en die belydenisskrifte.*
** Verbintenis aan die kerkordelike ooreenkoms oor die werkterreine van die onderskeie dele van ons kerklike verband.*
** Gemeenskaplikheid met ander gelowiges in sy soeke na die wil van God in 'n veranderende wêreld.*
** 'n Deernis vir mense in die hantering van diversiteit.*
** Sensitiwiteit vir die ryke verskeidenheid van gawes wat ringe, gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede bied.*
** Die wydste moontlike betrokkenheid en aktiewe benutting van leraars, kerkraadslede en lidmate by die werksaamhede van die sinode.*
** Deursigtige besluitneming en administrasie*.

Kernbesigheid

Die bedryfsdoel van die Noordelike Sinode is die koördinering van beskikbare mense en hulpbronne soos grond, geld en inligting, saam met en deur ringe, om alle gemeentes te bemagtig om HOOP te bring en 'n VERSKIL te maak. Om dit te bereik fokus die Sinode op die volgende breë aktiwiteite:
** 'n* ***Sinodesitting*** *waartydens:*
- sinodale leiers verkies word,
- verhoudings gebou word,
- visionering plaasvind en die strategiese rigting van die Sinode bepaal word, en
- fokusareas van die Sinode geïdentifiseer word wat deur die SDR geprioritiseer en gekontroleer word.
**** Vergaderings van die sinodale leierskap*** *waartydens:*
- aktiwiteite van die onderskeie subsisteme (sinodale taakspanne, ringe en gemeentes) gekoördineer en gekontroleer word, met die oog op die doeltreffende realisering van die visie van die Sinode.
**** Aktiwiteite van die leierskap*** *(SDR, moderatuur en taakspanne) wat veral sal insluit:*
- navorsing,
- kontekstualisering,
- aktivering van netwerke, waaronder die ringe inbegrepe is,
- vestiging van venootskappe,
- verspreiding van inligting,
- motivering en leierskapontwikkeling,
- opleiding.

3. SAMESTELLING VAN DIE SDR

Die Sinodale Diensraad (SDR) is volgens Bepaling 35.1.1-5 saamgestel uit die moderatuur (vgl. Bep. 32.2.9), een predikant en een ouderling / diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.

3.1 Die moderatuur, tree as dagbestuur van die SDR op – hoofsaaklik met die funksie om besluite van die SDR uit te voer, en die voortspruitende aksies en prosesse te koördineer.

3.2 Die SDR se funksionering word in Bep. 35.1.4 bepaal. Hierdie verslag word volgens die Bepaling se uiteensetting aangebied.

4. OPDRAG VAN DIE SDR

Die SDR se taak word in Bepaling 35.1.4 soos volg beskryf:

35.1.4 Die SDR is die verteenwoordigende regspersoon van die sinode tussen sittings en
1. Keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas.
2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake.
3. Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en die Noordelike Sinode se betrokkenheid by teologiese opleiding.
4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas.
5. Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode.
6. Alles wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes.

5. DAGBESTUUR (Moderatuur)

Reeds in **2012** is daar besluit dat die sinode nie meer met diensrade werk nie, maar met taakspanne (2012-2016 was ‘n oorgangstyd). Die **moderatuur** word daarom sedert 2016 nie langer saamgestel uit diensraadvoorsitters nie, maar uit leiers wat deur die sinode verkies word. Die moderatuur is dus tans ‘n klein, dinamiese leierspan van sewe lede wat vaartbelyn, vinnig en effektief besluite kan neem, asook optrede inisieer. In die vorige bedeling het diensrade as dinktenks vir verskillende fokusse gefunksioneer. In die huidige bedeling van ‘n geïntegreerde strategie is ‘n **sentrale dinktenk** noodsaaklik. Daar is dus tans net een dinktenk vir alle sake nl. die SDR. In sy hoedanigheid as dagbestuur van die SDR, vervul die moderatuur deurlopend hierdie funksie met verslag aan die SDR.

Die wysiging is veral deur die volgende veranderlikes gemotiveer:

- Die groter sinergie wat verkry word deur met ‘n geïntegreerde sisteem te werk, waar die moderatuur nie uit silo’s bestaan wat meeding om bronne nie, maar waar die fokus op die identiteit, kultuur en roeping (visie en kernwaardes) van die Sinode is.
- Die verkryging van die wydste moontlike betrokkenheid en aktiewe benutting van leraars, kerkraadslede en lidmate by die werksaamhede van die Sinode. Ten einde dit te bereik word gebruik gemaak van taakspanne wat deur die SDR aangewys en deur die dagbestuur gekoördineer word.
- Die blootstelling van meer en jonger leiers aan die struktuur, werksaamhede van en besluitneming binne die Sinode.
- Die groter soepelheid van die sisteem betreffende die bestuur van bronne en hantering van geleenthede en krisisse. ‘n Taakspan se begroting hoef nie volledig benut te word om die volgende jaar se toekenning te verseker nie. Besluitneming oor die verskuiwing van fondse kan gebaseer word op die onmiddellike behoefte of krisis ter sprake, omdat daar nie ‘n gediversifiseerde aanspraak op fondse is nie.

Kliek hier vir ‘n kort verslag van die dagbestuur se werksaamhede.

6. UITVOERING VAN DIE OPDRAG

6.1 Regspersoon

Die SDR het sy taak as regspersoon en verteenwoordiger van die Noordelike Sinode, soos hierbo verwoord, met die lig tot sy beskikking uitgevoer en in die proses sewentien keer vergader. Vyf hiervan was vanweë Covid, per Zoom.

6.2 Visionering en Strategie

Die Sinode se visie, kernwaardes en kernbesigheid wat by die vorige sinodesitting herbevestig is, het grootliks die funksionering van die SDR bepaal. Dit het beteken dat die SDR toegespitste aandag gegee het aan die identiteit, kultuur, visie, kernwaardes en strategiese rigting van die Sinode tydens die reses. Kortliks kan dit opgesom word as dat:

- die Sinode in sitting die rigting van die Noordelike Sinode bepaal deur visionering en die neem van besluite rakende die bepaling van behoeftes;
- die SDR die behoeftes omskakel in prioriteite, bronne daaraan toewys, (begroting en taakspanleiers) en toesien dat doelstellings bereik word;
- die SDR doelwitte (ondubbelsinning en meetbaar binne ‘n bepaalde tydsraamwerk geformuleer) en taakspanne goedkeur;
- die SDR die hantering van ad hoc behoeftes goedkeur of kondoneer, op aanbeveling van die dagbestuur.

6.3 Taakspanne

6.3.1 Funksionering

Die volgende beginsels vir die funksionering van taakspanne is op 24 Februarie 2017 deur die SDR aanvaar:

- Die moderatuurslede is nie daar om die werk te doen nie. Hulle doen die dinkwerk en taakspanne neem verantwoordelikheid vir die uitvoering van die opdragte wat uit die dinkwerk voortvloei, met verslag aan die SDR.
- ‘n Taakspan word slegs aangewys as daar ‘n enkelvoudige, ondubbelsinnige opdrag is.
- ‘n Taakspanopdrag het ‘n duidelike begin- en einddatum.
- ‘n Opdrag ontstaan omdat ‘n behoefte geïdentifiseer is en aan die direkteur gekommunikeer is.
- Die SDR keur die opdrag goed en wys die taakspanleier aan, normaalweg op aanbeveling van die moderatuur. (In dringende gevalle kan die moderatuur hierdie funksie vervul)
- Die direkteur en die taakspanleier beplan die uitvoering van die opdrag, lê name van taakspanlede aan die SDR voor vir goedkeuring (in dringende gevalle keur die moderatuur dit namens die SDR goed) en daarna neem die taakspan volle verantwoordelikheid vir die uitvoering van die opdrag.
- Die direkteur monitor die taakspan se vordering met die opdrag en gee tussentydse terugvoer aan die moderatuur en SDR. Die finale verslag, of ‘n tussentydse verslag indien nodig, word deur die taakspan aan die SDR voorgelê.
- Om hierdie model te laat werk, is dit belangrik dat kommunikasielyne nie verstrengel raak nie. Alle kommunikasie van en na taakspanne, asook die moderatuur, moet daarom deur die direkteur gehanteer word. Dit beteken dat hy kennis neem van sake en dit verwys, met inagneming van sy koördineringstaak.

Hoe word behoeftes geïdentifiseer?

- ‘n Ring kan sake op die SDR se agenda plaas (daar is ‘n staande punt daarvoor).
- ‘n SDR-lid kan tydens die vergadering ‘n saak op die agenda plaas of dit vooraf reeds aan die skriba (direkteur) stuur.
- Die moderatuur kan sake op die tafel plaas.
- Die direkteur kan vanweë sy kontak met ringe, gemeentes en predikante sake op die tafel plaas.

Dit impliseer dat ‘n gemeentelid via die ring toegang het tot die SDR.

6.3.2 Prioriteitsareas

Tydens die 2016-sitting is die volgende areas vir moontlike aandag tydens die reses geïdentifiseer (in alfabetiese volgorde):

- Armoedeverligting
- Ekologie
- Finansies
- Geloofsvorming
- Kommunikasie
- Leierskapontwikkeling

- Opleiding in Skrifgesag en Skrifhantering
- Toerusting in die amp van die gelowige
- Uitbou van ringsbemagtiging
- Verenigende bediening

Die SDR het by sy eerste vergadering op 24 Februarie 2017 uit bogenoemde moontlikhede drie prioriteitsareas geïdentifiseer en taakspanne met taakspanleiers daarvoor aangewys (in alfabetiese volgorde):

- Jeugbediening (Geloofsvorming): Fouche de Wet (later het Corné Randall oorgeneem) [Kliek hier om die verslag te lees]
- Leierskapsontwikkeling: Jan Botha [Kliek hier om die verslag te lees]
- Missionaliteit: Chris Harris (later het Hannes Bezuidenhout oorgeneem) [Kliek hier om die verslag te lees]

6.3.3 Verdere Taakspanne

By bg. vergadering is daar ook ‘n verdere aantal termyntaakspanne met taakspanleiers aangewys n.a.v. behoeftes wat die dagbestuur (moderatuur) geïdentifiseer het (in alfabetiese volgorde):

- Taakspan Begroting: Saakgelastigde [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Beleggings: Direkteur [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Brugbediening: Christoph Müller [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Induksie: Wimpie Jordt (Na Wimpie se dood het Lizl-Louise Schoeman oorgeneem) [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Kerkordelike advies: Attie Nel
- Taakspan Leraarsontwikkeling: Roelf Opperman [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Mentoraat: Johan van den Heever (later het Derick du Toit oorgeneem) [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Ringsontwikkeling: Herman Carelsen (later het James Kirkpatrick oorgeneem) [Kliek hier om die verslag te lees]

Lede van ‘n termyntaakspan kan wissel, maar die taakspan se afhandelingsdatum is die volgende sinodesitting.

By dié geleentheid is daar ook taakspanne aangewys met ‘n opdrag om op ‘n spesifieke tyd, soos deur die SDR bepaal, aan die SDR verslag te doen (in alfabetiese volgorde):

- Taakspan Klein gemeentes: Frans de Beer
- Taakspan Preekopleiding van ouderlinge: Amos Schreuder [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Kerkorde: Attie Nel
- Taakspan Kerkordelike ondersoeke: Attie Nel
- Taakspan Sinodale bydraes: Rehan Rheeder [Kliek hier om die verslag te lees]

Deur die loop van die termyn het die SDR nog taakspanne aangewys soos wat daar behoeftes geïdentifiseer is (in alfabetiese volgorde):

- Taakspan Bedieningsondersteuning 1: Direkteur
- Taakspan Bedieningsondersteuning 2 - Kerkverband en volhoubare gemeentebediening: James Kirkpatrick
- Taakspan Ekonomie: Cobus van Wyngaard [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Gesprek oor Gender: Bernice Serfontein [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Imagine: Johan de Wet [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Kerkwees op weg met Covid-19: Fay van Eeden [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Ondersoek na die toekoms van die SGV-gesprek: Fanie Cronjé
- Taakspan Ondersoek na ‘n Kerkeie Teologiese Fakulteit: Marius Cornelissen [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Predikante Wegbreke: Fanie Cronjé
- Taakspan Rentmeesterskap: Malan Nel [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Skrifinterpretasie en Skrifgesag: Fanie Cronjé [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Vroeë Kinderontwikkeling: Lizette van Rooyen [Kliek hier om die verslag te lees]
- Taakspan Werkskepping: Maryke Venter [Kliek hier om die verslag te lees]

Vanweë Covid-19 het heelwat van die taakspanwerk versand en effektief tot stilstand gekom. Aangeheg is ‘n volledige lys van al die taakspanne en hulle onderskeie opdragte. [Kliek hier]

6.3.4 Doelwitbereiking

6.3.4.1 Betrokkenheid

Die volgende syfers is ‘n opsomming van die funksionering van taakspanne sedert Februarie 2017:

- Daar het 44 taakspanne gewerk, waarby 320 lede betrokke was. Hiervan was 34 vroue en 65 gewone lidmate.
- 33 taakspanne het ‘n korttermyn opdrag gehad en 11 was termyntaakspanne.
- 135 lede het op meer as 1 taakspan gedien, waarvan 15 vroue was.

Ander werksaamhede van die Sinode:

- SDR-lede (34 met wisseling)
- SKDBM-direksie (18 lede)
- CMR Noord-beheerraad (10 lede)
- Algemene Sinode taakspanne (37 lede)
- Ander entiteite [byvoorbeeld die De Jager Steynfonds] (20 lede)
- Ringsverteenwoordigers vir Finansies (19 lede)

Daar was dus 424 vrywilligers betrokke by die werksaamhede van die Noordelike Sinode. Dit sluit m.a.w. nie werknemers van CMR, kinderhuise, rusoorde, ens. in nie.

6.3.4.2 Finansies

[Kliek hier] vir ‘n grafiese voorstelling van die finansies vir die tydperk 2016/17 tot 2021/22.

Hieruit blyk duidelik dat die Noordelike Sinode suksesvol was met die afbestuur van die begroting.

- Die uitgawebegroting het in ooreenstemming met die voorsiene afname in inkomste, verminder van 17 215 170 na 15 340 660.
- Die Sinode se werklike inkomste het oor die ses jaar tydperk verminder van 18 349 440 na 15 289 450.
- Bydraes vir gesamentlik werk (BGW) het verminder van 13 242 610 na 12 013 580.
- Daar moet in gedagte gehou word dat die BGW van 6,5% op 90% van bedryfsinkomste ‘n reële persentasie van 5,8% op bedryfsinkomste impliseer.
- Werklike uitgawes het in randwaarde verminder van 18 606 660 na 14 131 520.
- Indien die begroting sedert 2017 met ‘n gemiddeld van 5% sou styg, sou die huidige begroting reeds R23 069 970 beloop het. Dit is ‘n verskil van R7 280 500 met die 2022/23 beroting.

Die begrotings en geouditeerde finansiële state vir die tydperk 2016/17 tot 2021/22 is deur die moderatuur goedgekeur en aan die SDR gerapporteer. Daar was geen kwalifikasie van enige ouditverslag gedurende die tydperk nie. Die finansiële posisie van die Noordelike Sinode word as dié van ‘n gesonde, lopende saak beskou.

- Eie fondse op die balansstaat het verhoog van 38 853 925 in 2016/17 na 44 089 049 in 2021/22, hoofsaaklik as gevolg van die verkoop van Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum.

Die sukses met die bestuur van die finansies word hoofsaaklik toegeskryf aan die fokus van die SDR en moderatuur. Die groter soepelheid van die sisteem en die doelmatige aanwending van fondse deur die SDR en sy dagbestuur het verseker dat die noodsaaklike werk sonder onderbreking kon voortgaan.

‘n Goeie voorbeeld sou wees die verandering van die stelsel vir bydraes vir gesamentlike werk (BGW) om, sedert April 2020, aan gemeentes die geleentheid te gee om hulle BGW op werklike maandelikse inkomste, in plaas van op begrote inkomste, te betaal.

[Kliek hier] vir hoe elke rand in die begroting spandeer word.

[Kliek hier] vir ‘n grafiek wat die verdeling tussen bedieningsondersteuning en administrasie aandui.

7. AANBEVELINGS

7.1. Die Noordelike Sinode keur die optrede van die SDR en dagbestuur, rakende die strategie, die funksionering van taakspanne en die finansies van die Noordelike Sinode goed.

7.2. Die Sinode verbind hom opnuut aan die visie, kernwaardes en werkswyse soos hierbo uiteengesit.

7.3. Die Sinode spreek sy hoogste waardering uit teenoor alle predikante, kerkraadslede, lidmate asook nie-lidmate, wat op een of manier 'n bydrae gelewer het om die werksaamhede van die Noordelike Sinode in die afgelope termyn vlot te laat verloop.

8. COVID-19

Die Covid-pandemie het die wêreld op sy kop gekeer en die kerk het op geen manier daarvan gespaar gebly nie. Dit het inderdaad baie uitdagings aan die SDR en meer spesifiek aan die dagbestuur asook die Sinodehuis-personeel gestel. Net na die President aan die einde van Maart 2020 'n staat van totale inperking afgekondig het, het die dagbestuur informeel vergader om 'n pastorale brief aan al die predikante te stuur. Hierna het verskeie aksies gevolg [Kliek hier vir 'n lys van handelinge].

Die feit dat die dagbestuur slegs uit sewe mense bestaan, was in hierdie tyd 'n groot wins. Die soepelheid om op kort kennisgewing vergadering te hou, vinnig aksies te implimenteer en inisiatiewe te neem, was inderdaad baie waardevol.

Die lengte van die Verskil is in hierdie tyd drasties gesny. Dit het as weeklikse kommunikasiebron saam met 'n WhatsApp Broadcast-groep, gehelp om vinnig en effektief te kommunikeer. Die Verskil het o.a. weekliks inligting gegee oor predikante wat Covid-19 opgedoen het en ook die volgende rubrieke gehuisves: Wenke, Stories van Hoop, Aanlyn-kursusse en Dokumente. Lg. het o.a. die wetgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer is en ander verklarings bevat.

In hierdie tyd het die Sinodehuis-personeel van die huis af gewerk. Alle vergaderings is per Zoom of telefoon gehou. Die direkteur het ook in hierdie tyd baie moeite gedoen om predikante telefonies te kontak en hulle pastoraal te ondersteun.

Gedurende hierdie tyd is alle SDR-vergaderings (vyf) per Zoom gehou. Die Dagbestuur het sedert die begin van Covid tot aan die einde van 2021, sewentien keer vergader. Hiervan was sewe per Zoom, een per telefoon en nege was aansitvergaderings. Daar is ook verskeie informele gesprekke met mekaar per Zoom en per telefoon gehou.

9. TEOLOGIESE VORMING

Die SDR het die gebruik om jaarliks tydens die Junie-vergadering die dosente van die Teologiese Fakulteit by UP, sowel as die predikante wat in diens van die Kuratorium staan vir Kerkeie opleiding en Verdere Bedieningsontwikkeling (VBO) te nooi vir 'n gesprek. Waar nodig het kuratoriumlede ook by ander vergaderings terugvoer gegee oor relevante sake. Tydens die sinodesitting sal daar ook ruim tyd gegee word om oor Teologiese vorming gesprek te voer. [Kliek hier om die verslag van die Kuratorium te lees]

9.1. Kuratorium verteenwoordiging

Die Noordelike Sinode het vier verteenwoordigers op die Kuratorium by UP. Twee van hulle word uit die geledere van die predikante in die platteland gekies en twee uit die stad. Een van die twee verteenwoordigers uit die platteland is gewoonlik uit die Noorde en die ander een uit die Weste.

In die verlede het sinodes ter wille van koördinering, verteenwoordiging op mekaar se kuratoria gehad. Die Algemene Kuratorium vervul nou daardie behoefte. Die SDR het daarom op 2021-07-07 goedgekeur dat daar nie weer nuwe verteenwoordigers op ander kuratoria verkies word, wanneer hulle huidige termyn verstryk nie.

10. DOLERING

Daar is tans ses gemeentes in die Noordelike Sinode wat aangedui het dat hulle doleer. Drie van hulle is steeds volledig betrokke by al die werksaamhede van die verband, nl. ring en sinode. Die ander drie het sedertdien nie ringsittings bygewoon nie en hulle bydraes vir gesamentlike werk (BGW) teruggehou.

Alhoewel die uitgangspunt is dat dolering eerstens op die tafel van die betrokke ring tuishoort [Kliek hier vir die advies van die Algemene Taakspan Regte (ATR) vir riglyne in die verband], het die SDR by monde van die dagbestuur aan elkeen van die ses gemeentes 'n pastorale brief gestuur waarin o.a. aangedui is dat hulle welkom is, om die moderatuur te nooi vir 'n gesprek. Slegs een gemeente het tot dusver so 'n uitnodiging aan die dagbestuur gerig.

Verder het drie ringe die moderatuur genooi vir 'n gesprek oor die Algemene Sinode se 2019-besluite rakende selfdegeslagverhoudings en ander sake wat kwel.

Met die skryf van die verslag het drie van die ses gemeentes reeds aangedui dat hulle wel die sinodesitting gaan bywoon.

11. BEDIENINGSFONDS

Die Bedieningsfonds is 'n sleutel in die proses om volhoubare bediening in gemeentes moontlik te maak. Die fonds is geskep met die oog daarop om monotêre hulp te verleen aan gemeentes waar bediening as noodsaaklik beskou word, maar waar onbeheerbare faktore (soos demografie) die voortbestaan van 'n gemeente bedreig.

[Kliek hier om die verslag van Bedieningsondersteuning 1 te lees.]

[Kliek ook om die verslag van Bedieningsondersteuning 2: Taakspan Kerkverband en volhoubare gemeentebediening te lees]

Let ook op na die aanbeveling in die verband in die verslag van die moderatuur.

12. PREDIKANTESAKE

Verdere bedieningsontwikkeling vir predikante is 'n baie hoë prioriteit en daarom word dit as vanselfsprekend beskou dat gemeentes ook jaarliks sal begroot dat hulle predikant(e) kursusse kan bywoon. [Kliek hier vir riglyne rakende VBO-punte]

Gedurende die afgelope termyn het die volgende beweging van predikante plaasgevind:

- Bevestiging / ordening: 76
- Vertrek: 47
- Emeritaat: 38

Daar is gedurende die reses twee predikante oorlede wat nog nie afgetree het nie, asook een proponent. 'n Verdere 62 emeriti waarvan ons bewus is, is ook in hierdie tyd oorlede.
[Kliek hier vir die name van predikante wat bevestig is, afskeid geneem het, geëmeriteer het en oorlede is].

13. DIENSERKENNING

Sedert die begin van 2016 gee die Sinode aan predikante wat emeriteer 'n replika van die Noordelike Sinode se logo as erkenning vir hulle diens in die NG Kerk. Hierdie vlekvrye staal beeldjie word deur die beeldhouer, Sanna Swart van Pretoria, gemaak. Waar predikante na hulle emeritaat nog in dieselfde gemeente op 'n kontrakbasis voortgaan, word dit meestal eers by die voltooiing van hulle bediening oorhandig.

14. SINODALE VERTEENWOORDIGING

Kerkverband is vir die NG Kerk belangrik en daarom verteenwoordig die direkteur waar moontlik die Noordelike Sinode by alle bevestigings, ordenings en afskeidsgeleenthede van leraars. Verder verteenwoordig die direkteur sover moontlik die groter familie by begrafnisse, ringsittings en feesgeleenthede van gemeentes. Waar moontlik dra hy ook ‘n kort groeteboodskap by die geleenthede oor. Die direkteur bied ook waar nodig en moontlik, pastorale ondersteuning aan predikante.

15. RINGE: EENWORDING

Tydens die Sinodesitting van 2016 was daar sewentien ringe. Intussen het die Ring van Valhalla en die Ring van Sesmylspruit met toestemming van die SDR een geword en staan nou bekend as die Ring van Sesmylspruit.

16. PERSONEELSAKE

Die SDR het op aanbeveling van die DVK en die moderatuur aandag gegee aan personeelopvolging. Dit het geblyk dat die personeel by die Sinodehuis kort na mekaar aftree en dat daar in die proses baie waardevolle inligting, ervaring en effektiwiteit verlore sou kon gaan. Daar is dus reëlings getref vir gladde oorgange en kontinuïteit.

17. CMR NOORD

Die CMR is ‘n integrale deel van die kerk in die Noorde en bestaan reeds sedert 1936. Die CMR is dus reeds 86 jaar oud en het deur die jare baie waardevolle werk gedoen as die professionele maatskaplike arm van die kerk. Die CMR het in die laaste jaar deur baie stroomversnellings gegaan en die SDR het hulle op verskeie maniere pastoraal en andersins ondersteun. [Kliek hier om die verslag van CMR Noord te lees]

18. SKDB MAATSKAPPY (SKDBM)

Saam met die CMR speel die SKDB Maatskappy ‘n kritiese rol in die Noordelike Sinode se missionale diakonaat. Die SKDBM is die oorkoepelende liggaam vir die Noordelike Sinode se rusoorde vir bejaardes, kinderhuise, asook Stabilis, die rehabilitasiesentrum vir afhanklikheid.
[Kliek hier om die verslag van die SKDBM te lees]

19. STUDENTEBEDIENING

Die Sinode subsidieer studentebediening reeds sedert 1938. Die eerste studenteleraar in die ou Transvaal was wyle Ben Marais (later professor by UP). Voorheen was studentebediening deel van die Gemeente Pretoria-Oos, maar sedert 1960 is Universiteitsoord vir die studente verantwoordelik.
[Kliek hier om die verslag van Studentebediening te lees]

20. KAMPTERREINE

Alhoewel die kampkultuur in die kerk en ook in die breër samelewing oor die afgelope jare geweldig gekwyn het, en selfs op baie plekke heeltemal tot stilstand gekom het, beskik die kerk steeds oor twee doelmatige kampterreine, nl. Badseloop en Magaliesberg. Hoewel dit baie moeilik is om die terreine volhoubaar te bedryf en Covid-19 dit nog verder bemoeilik het, is daar by beide terreine bestuursliggame wat met toewyding toesien dat die wa deur die drif kom.

Tydens die 2016-sitting het die Noordelike Sinode ook nog ‘n derde terrein gehad, nl. Emmarentia Geldenhuys, later genoem AcaDeo. Na verskeie pogings deur die Beheerraad, die Ring van Waterberg, en die Sinode, het dit duidelik geword dat dit kwalik moontlik sou wees om die terrein op die lang duur as ‘n selfonderhoudende bedryf in stand te hou. Die terrein het ‘n groot skuldlas gehad en daar was ook geweldig baie instandhouding en opknapping nodig. Die SDR het daarom besluit om die terrein te verkoop en is dankbaar dat daar in 2019 ‘n suksesvolle verkoopstransaksie beklink kon word.

KERKORDELIKE SAKE

Die taakspan was gedurende die reses besonder besig. Veral tydens Cocid-19 was daar uitermate baie sake wat dalk tog iets weerspieël van die onderliggende onsekerheid en frustrasies wat met die pandemie gepaard gegaan het. Daar word wysigings van die kerkorde voorgestel wat tydens die sinodesitting ter tafel geneem sal word. Afgevaardigdes word aangemoedig om voor die sitting reeds kommentaar hierop te lewer.
[Kliek hier om dekbrief van die verslag te lees]
[Kliek hier om Kerkordelike Advies [deel 1] te lees]
[Kliek hier om Kerkordelike Advies [deel 2] te lees]

21. SINODEHUIS

Die Sinodehuis in Pretoria [kliek hier] bied ‘n adres vir die spilpunt van die Noordelike Sinode se werksaamhede. Dit word gehuisves in een van die ou pastorieë van die oorspronklike gemeente Harmonie. Hierdie eiendom behoort aan die SKDBM en die Sinode huur dit by hulle.

Die Sinodehuis bied ook ‘n plek waar almal iets van warmte, omgee en huislikheid kan ervaar. Daar is daarom tydens die reses ook moeite gedoen om noodsaaklike instandhoudingswerk by die Sinodehuis te doen. Daar is o.a. aandag gegee aan parkering, wat dit moontlik maak dat die SDR-vergaderings in die Harmoniesaal gehou kan word.

By die Sinodehuis is daar twee kamers waar predikante wat van ver af kom vir geleenthede soos vergaderings, hospitaalbesoek en VBO-kususse sou kon oornag. Predikante sou ook vir ‘n paar dae hier alleentyd kon beleef deur o.a. stil te word in die kapel, die labarint te stap, saans om die vuur te sit, te lees en selfs daagliks met ‘n begeleier te gesels. Die direkteur kan in die verband gekontak word.

22. SLOTWOORD

Die SDR kom drie keer per jaar bymekaar vir ‘n dagvergadering. Tydens die sewentien vergaderings gedurende die reses is sake van belang ter tafel geneem. Hiermee vertrou die SDR dat sy taak as besluitnemende liggaam van die Noordelike Sinode tydens die reses na wense volvoer is, en bid die Sinode ‘n verrykende sitting toe.

L (Dewyk) Ungerer
Voorsitter

PJ (Paul) Grobler
Skriba

BESKRYWINGSPUNTE

Teen die sluitingsdatum vir beskrywingspunte is daar drie ontvang. Die Taakspan Regte het na die ontvanklikheid van die beskrywingspunte gekyk en aan die moderatuur gerapporteer dat al drie ontvanklik is.

Daarna het die moderatuur ooreenkomstig die hantering van beskrywingspunte al drie inhoudelik beoordeel en die volgende aanbevelings gemaak (sien die verslag van die Dagbestuur punt 3.4):

Die moderatuur besluit om soos volg aan te beveel:

3.4.1 Dat die beskrywingspunt van die Ring van Louis Trichardt tydens die vergadering hanteer word. [Kliek hier om die beskrywingspunt te lees.]

3.4.2 Dat die beskrywingspunte van die Gemeente Pretoria [Kliek hier om die beskrywingspunt te lees.] **asook dié van Willem Pretorius (snr)** [Kliek hier om die beskrywingspunt te lees.] **na die nuwe SDR verwys word vir verdere hantering.**